

Maandelikse gemeentebrief November 2018

Skielik is dit November! Die jakaranda wat so mooi voor my voordeur blom, herinner my dat dit eksamentyd is vir baie studente en leerders. 'n Uitdagende tyd van rekenskap gee. Vir die wat nie eksamen skryf nie, is daar druk om projekte klaar te maak en af te sluit. Die druk maak almal gespanne en krapperig en dan kan die kleinste dingetjie mense ontstel. Daarom is November 'n moeilike maand, maar ook 'n maand met die vooruitsig van Desember wat vir die meeste mense vakansie en uitspan beteken.

Die gespanne verwagting is deel van ons Kerstyd; die eeuelange verwagting dat die Messias sou kom, die EEN wat herstel en hoop sal bring. In November vier ons die uitsien na Kersfees met ons Kerssangdiens. Hierdie jaar se tema is: *Terug na Bethlehem!* Dit word gevolg deur *Verse by Kerse* aan die einde van November. Kom deel in die verwagting! Kom sing saam en laat die boodskap dat Jesus die Immanuel God is, die Here by ons, ook in ons druk van elke dag vir ons krag gee.

Ons kry nuwe bure. Op die erf langs die kerk is 'n SPARK-skool in aanbou. Dit is nie die gemeente se skool nie, maar 'n privaatlaerskool wat afsonderlik bedryf gaan word. Ons gaan probeer om goeie buurskap te beoefen en kyk op watter wyses ons kan saamwerk, want opleiding en onderwys is 'n baie positiewe manier om te lewe vir die stad.

Intussen is die leierspan besig met beplanning vir 2019. Die kalender, begroting en gemeentelewe word DV beplan. Ons leef in 'n uitdagende tyd, maar dit is die tyd en die plek waar die Here ons geroep het om te wees. Dit is hier waar ons met gespanne verwagting leef uit die Here se voorsiening; ons lidmate met hul gawes, en geleenthede om Sy liefde sigbaar te maak. Mag jy in staat wees om die druk van November te hanteer in die wete dat die Here naby is. Naby om te help en te ondersteun, maar ook naby om voor Hom te buig en Hom te aanbid.

Kobus Sandenbergh